VOORSITTER: Wat bedoel die boere as hul praat van plakkers?-- In ons dele word die term "plakker" gebruik vir 'n naturel wat op dele saai, maar die naturel wat sy dienste gee is 'n woonkaffer en op sommige dele noem hul hom die "los kaffer". Hier in die westelike dele is dit so.

Met betrekking tot die plakkers wat onder die 1913 Wet nie meer op dele kan saai nie, het hul in die eerste geval weggetrek?--Nee, hul het net so gebly maar hul het woonkaffers geword.

Daar word deur die naturelle beweer dat hul van plek tot plek getrek het; hul het nergens kan bly nie, en die meeste van die vee is dood deurdat die naturel so het moet rondtrek. En toe is hul eers woonkaffers geword?--Dit is nie so nie in my deel van die distrik; hul is dadelik woonkaffers geword; daar sal miskien van hul na die naturelle gebiede gegaan het, maar dit is uitsonderinge; daar is nie baje van hul nie wat na die stede getrek het, want die feit is dat 'n naturel wat op dele gesaai het, hy lyk nie om na die stad te trek. Hy het sy eie vee gehad en dit is nie waarskynlik nie dat daardie soort kaffer na die dorp sal trek.

Is die feit dat daardie wet aangemeen was tamelik algemeen bekend geword onder daardie kaffers op die plase; het dit baje opspraak verwek onder die boere en die kaffers dat hul nie meer so kan aangaan en dat die boere nie meer kaffers op dele kan laat saai nie?--Ja, daar is baje opspraak verwek onder die boere, maar ek meen daar is baje wat nog aangegaan het in die stilligheid en vandag doen hul dit nog. Dit is 'n feit.

So die stelsel is nog nie dood nie, nietteenstaande die wet ?--Dit is so.

Die verandering het langsaam plaas gevind?--Ja, maar die rond-trekkery met vee is nie by my bekend nie.

Daar is altyd 'n sekere mate daarvan omdat die kaffer van die ene plek na die ander plek trek?--Ja, die neiging is by hul om rond te trek; Ek denk dit is afkomstig van hul geskiedenis. Voor die okkupasie deur die blanke het hul maar geleef deur rond te trek en die neiging bestaan nog altyd sterk onder hul. Diegene wat vir geslagte op 'n plaas bly is uitsonderings.

Die rondtrekkery is altyd daar gewees tot 'n sekere mate?-- Ja, en dit is nog daar met baie van hul.

Kan U verstaan waarom die naturel so geweldig gekant is teen die 1913 Wet?-- Ja, hul se dit is nie gelykheid van geleentheid tusse hul en die blanke. Hul se die blanke kan op dele saai en hul kan dit nie doen nie. Hul kla "there is no equality of opportunity".

In Witzieshoek is die veld in die lokasie, in die Reserve almal meer of min suur veld?-- Ek sou se hy sou so omtrent 50 persent suur wees.

Hoe vergelyk die draagkrag van die Witzieshoek suur veld met die draagkrag van die soet veld vir vee?-- Die twee is nie afgeskei nie; mens kry hier 'n bietjie soet veld en daar 'n bietjie suur; as die suur veld afgeskei was van die sort dan sou mens kan se, maar nou loop die vee rond en graas eers 'n bietjie op die suur veld en dan op die soet veld; dis onmoontlik om te se wat die draagkra is. Die suur veld is hier tamelik goed.....

Sou mens die draagkrag van die twee gelyk kan reken?-- Ja, soos dit nou daar is is die twee onafskeidelik verbonde.

Dit is 'n groot voordeel dan?-- Ja, dit is.

Meen dit dat die mense hier die vroeg en ook die

laat veld het?-- Ja, dit is wat hul hier het.Op Witzieshoek.

U se dat daar in Witzieshoek drang uitgeoefen word op die volk om hul vee te verminder?--Dit het betrekking op die vee wat die naturelle op die plase het.

Nie in die Reserve nie?-- In die Reserve weet ek nie wat die regulasies in swang is. Die verklaring is met betrekking tot die plase. Ek weet dat daar baje van die Reserve se vee op die plase is en die boere wil dit nie langer toelaat nie. Maar is selfs baje Basutoland vee op ons plase en dit is baje moeilik om vir die naturel te se hy moet nie vee aanhou nie; dit is die groot ding vir die naturel-- hy wil vee he. In die Reserve is dit nie so goed vir die vee nie as op die plase, viral as daar 'n plaas is met goeie weiding vir die vee; en dan het hul altyd baje familie betrekkings wat hul vee op die plaas laat bly. Die naturel se dit is syne; maar op 'n goeie dag kom een van sy familie betrekkings en hy vat die vee met hom weg.

Is dit ook die geval dat daar van die boere se beeste in die reserve woon?-- Nie wat ek van afweet nie. By tye van droogte word daar spesiaal verlof gevra en word alles wat moontlik is gedoen om mense te help. Verlof moet dan van die kaptein gevra word; maar dit is net vir 'n paar weke dat dit ooit gedoen word.

Dit is deur iemand beweer dat die kaffers in die Reserve gronde langs die berge verhuur aan die boere; weet U daar iets van af?-- Ekweet nie of hul die reg het om te verhuur, maar dat hul iets daarvir kry dit kan ek nie ontken nie; ek vind dat boere daar gedurende die tye van droogte baje intrek met hul vee.

Die overige grond verminder langsamerhand in waarde?-- Ja, ek het nou omtrent 8 dae terug 'n punt daarvan gemaak om 'n bietjie deur Witzieshoek te ry. Ek ken die gronde daar al vir die laaste 40 jaar en my konklusies

is dat in die laaste 25 jaar het die produksie vermoë van die grond van Witzieshoek verbasend agteruit gegaa.

En die weiding?-- Alle twee, die ploeg grond sowel as die weiding het agteruit gegaan ten gevolge van slegte bewerking. Die lede van U wat boere is sal weet dat as mens 'n land altyd omploeg dan ploeg hy naderhand 'n voor in die middel en twee bulte. As die water kom, dan maak hy 'n sloot daar en al die vrugbaarheid word weggespoel; as die grond op 'n boere plaas sou verspoel of as dit lang omgeploeg is, dan kyk die boer daarna en dan ploeg hy op ander manier of hy laat die land 'n bietjie braak; dit is nodig om die naturelle te wys hoe hul hul land moet bewerk; hul moet geleer word dat hul nie altyd so moet ploeg dat hul 'n voor in die middel sal kry; op die plekke waar daar glad geen toesig is nie vind ons altyd onder die naturelle dat die grond baie bedorve is.

Is dit nie 'n feit nie dat hul gewoonlik maar drie of vier duim diep ploeg?-- As ons se vier duim dan is dit baie diep vir hul. Ek denk die algemene reel is hul gaat nie meer as drie duim diep nie. Daar is natuurlik enkele uitsonderings, maar die feit dat 'n oppervlakte van 50,000 morge,(waarvan tenminste 6,000 tot 8,000 morge ploeg grond is, en waarvan die naturel U self gese het die grond is goed) so min opbring bewys ten duidelikste dat die kultivasie swak is.

Ja, van die oogpunt van die opbrings beskou is dit so, maar die feit dat hul nie dipp ploeg nie beteken dat daar baie goeie grond le-- dit is onder die grond wat hul beploeg het -- wat nog nie uitgeput is nie?--Ja; ek se as 'n paar boere daar sou intrek , wat die grond goed sou bewerk dan sou dit 'n nuwe land wees; die ondergrond is

nog glad nie aangeraak nie.

Hul het net die kors aangeraak?--Ja.

Die vlak ploegery help verspoeling?-- Ja, seker.

Die grond spoel maklikker weg?-- Dit is so.

VOORSITTER: U het gemeld die agteruitgang van die draagkrag van die grond, maar sal U instem dat die bevolking in beskaving 'n bietjie vooruit gegaan het?--Ja, dit is my algemene indruk dat dit so is.

By voorbeeld, U sien vandag beter huise as wat 25 of 30 jaar gelede die geval was?-- Ja, ek erken dit. En mens merk op dat die naturelle self is meer beskaaf en ek het daar mense gesien wat seker vooruitgegaan het; ek twyfel tog of hulmoreel beter af is as wat hul vroeger was. Die oorsaak is dat die naturel, ek sal dit noem, meer en meer stammeloos raak. Hul gaat weg vir lange periodes om geld te verdien, en as hul 'n tyd weggewees is kom hul nie terug nie. hul bly baje meer op die dorpe, op die myne en viral by die drank en op daardie manier word hul"stammeloos". Ek denk byvoorbeeld immoraliteit het baje onder hul toegeneem. Dit is ondeugde wat hul by die stam nie so baje besit as wanneer hul weg is.

Het die vooruitgang in beskaving enig verbetering in hul landbou metodes mee gebring?--Dit kan ek nie se nie; ek weet nie. As ek denk aan 25 en 30 jare terug toe ek deur Witzieshoek gery het en pragtige stukke grond gesien het; hul se as mens vir hul vra hoe kom is hul landbou nie beter nie, dat die reenval agteruit gegaan het; hul se die reenval was beter in vroeger jare, maar ek meen nie so nie. As mens 'n periode van 10 jaar vat en as mens die reenval ver gelyk met wat ons nou het, dan is daar nie so baje verskil nie as baje mense denk. Die verdamping sal miskien 'n

bietjie meer wees noue, maar die indruk wat ek gekry het is dat hul op die gebied van produksie verbasend agteruit gegaan het; dit is die indruk wat ek gekry het toe ek weer deur die distrik gery het; want vroeger was dit bekend dat Witzieshoek nie alleen sy eie vereistes produseer, maar selfs ook mielies uitvoer. Vandag is dit nie meer so nie. In die ou dae het ons Witzieshoek ingery en voer en ander dinge gekoop, maar vandag moet die handelaars byna elke jaar gereeld produkte invoer.

In goeie jare ook?--Ja, elke jaar.

Het hul dit in die laaste vyf jaar gereeld gedoen?--Ja, hul het in die laaste vyf jaar nooit genoeg vir hul eie konsumpsie geproduseer.

Selfs nie in die goeie jaar van 1924/1925 toe byna iedereen baie goeie oes gehad het?-- Nee, daar is selfs toe ook mielies ingebring.

Hul produseer nooit genoeg nie?--Nee.

En daar is grond wat genoeg kan produseer as hul dit behoorlik sou bewerk?--Ja, ongetwyfeld; ek is van oordeel dat daar grond genoeg is, en met behoorlike kultivasie, selfs sonder kunsmis is ek van oordeel dat Witzieshoek kan 'n baie groter bevolking dra.

En met kraal mis?--Met kuns mis en met kraalmis kan hul hul opbrings baie verbeter.

Het U enig idee wat hul gemiddelde opbrings per morg sou wees?--Nee, ek weet nie. My opinie is dat hul opbrings van jaar in baie gevalle nil sal wees; die mielies staan vandag 12 duim en die gras staan 18 duim; wat kan mens onder sulke omstandighede verwag?

Meen U dat die invoer van individuele besit 'n verbetering sou aanbring in die kondisies in Witzieshoek?--Ja, ek meen dat individuele besit seker goeie uitwerking sal het, maar daar is seker faktore wat mens in aanmerking moet neem alvorens daarvir in te gaan. Individuele besit

Met betrekking tot die Paswet is daar die eis gestel dat die paswet moet afgeskaf word?--Ja, die eis is al dikwels deur die naturelle gemaak.

U is in aanraking met die boere en U weet hoe die Paswet hier in Witzieshoek werk; wat sou die houding van die boere wees in verband met die afskaffing van die Paswet en as die naturel net alleen 'n identifikasie certifikaat sou moet dra wat hy altyd by hom sou moet dra?-- Daar is vandag 'n wet met betrekking tot identifikasie certifikate. Die stelsel van woonpasse is altyd baie nuttig, want die hoofde van huisgesinne sal dan altyd certifikate moet dra en as daar ongeregeldhede sou wees dan kan 'n man altyd bewys waar hy woon deur middel van sy woonpas.

Ja, maar die voorstel is om 'n ander stelsel in te voer en net alleen 'n woonpas, of 'n identifikasie sertifikaat vir die naturelle te he; nie meer spesiale passe nie?-- Ek denk ons moet maar aan die ou pas sisteem vashou; ek is nie ten gunste van enige verandering in die opsig. Dit is in die belang van die naturel dat ons dinge laat bly soos hul vandag is. Dit is my ondervinding. As daar nuwe naturelle op my plaas kom dan se ek altyd vir hul /"jul moet goed verstaan, my wet is dat as jul van die plaas afgaan dan moet jul 'n pas dra; ek het niks met die land se wette te doen nie" en hul vind uit dit is in hul eie belang om so'n pas te dra; as hul weg wil dan kom hul by my en vra vir my om vir hul 'n pas te gee; as hul dorp toe gaan dan is hul gretig om dit te vat, want hul weet dat as 'n baas van 'n ander plaas sien my handtekening, as daar ongeregeldheid plaas gevind het, dan weet hul met my handtekening hul sal beter behandel word as wat anders die geval sou wees.

Is dit u indiwiduele handtekening of is dit algemeen die geval?-- Dit is algemeen so.

Hul weet op welke plaas 'n naturel behoor?--Ja, as daar op my plaas 'n "party" is en daar is naturelle wat sonder pas is, dan se ek vir die police "hul behoor nie hier nie, vat hul weg", maar as dit my buurman se naturelle is, en ek ken hul, dan is die pas 'n soort van beskerming.

Is daar in u deel van die Vrystaat Europese plase wat geokkupeer word alleen deur naturelle?-- Nee, dit gebeur soms dat mense miskien nie kinders het nie en dat hul dan miskien 'n paar bywoners op die plaas het, of anders dat die plaas uitsluitend geokkupeer word deur naturelle; maar dit werk baje sleg, want dit lei tot 'n saamloop van naturelle en die mense het niks hier nie; hul kom daar saam en hul vergader daar en hul is totaal sonder die minste toesig. En as daar ongereeldhede plaas vind dan kom daar alerhande moeilikhede; dit is op sulke plase dat agitasies begin word; dit is altyd die geval op plase waar daar nie blanke toesig is nie. Maar daar is nie baje gevalle van daardie aard.

MENEER LUCAS: U se daar is altyd neiging onder die naturelle om van plaas to t plaas te verhuis?--Ja

Wat is die rede dat die naturelle sulke neiging het?-- Die rede is twee-erlei. In die eerste plaas voel die naturel miskien dat op die plaas waar hy woon daar kry hy nie wat hy wil he; hy se die behandeling is nie goed genoeg en hy wil liever na 'n ander plek trek waar hy denk hy sal beter behandeling kry. Dis moontlik dat een baas 'n beter naam het as 'n ander.

SENATOR VAN NIEKERK: As U van beter behandeling praat, meen U beter en meer voorregte?-- Beter behandeling. Die nasie is baje slim; daar is base wat deur hul uitgesoek is en niemand wil by hul werk nie. En dan is daar nog dit wat hier an daar onder die boere plaas vind: 'n baas wil sekere

kaffers he; hy sien dit is moeilik om hul so maar te kry; hy stuur rond vir hul en se " kom vir my werk en ek sal vir jou sulke en sulke voorregte gee".

Daar is kompetisie?--Ja, sterke kompetisie vir volk.

VOORSITTER: Veronderstel die naturel het dit nêa baje goed nie; sy kondisies is net middelmatig en hy wil graag verandering kry?-- Die neiging is in hul bloed om altyd rond te trek van die een plaas na die ander; en soms kom daar so iets voor dat die boer se "daardie kind van jou moet vir my werk"; hy se nee, en hy trek weg na die dorp toe en hy kry daar 'n beter loon as op die plaas. Die wet met betrekking tot desersie is 'n bietjie slapperig en in baje gevalle se die boer "jy het hier gekom en jy het gekontrakteer daardie kinders sal werk vir soveel en nou het al drie van die vyf kinders getrek; nou kan jy self ook maar trek en beter plek kry". Dit kom natuurlik voor.

Soms is dit die boer wat vir hom afset?--Ja, en soms trek hy uit eie beweging; soms sal die boer vir hom se "jy moet daardie kinders terug kry", en hy sal se "nee, ek kan hul nie terug bring nie, ek sal maar liever self ook trek," en dan verdwyn hy.

SENATOR VAN NIEKERK: En as daar min oes is, dan sal die naturel se "nee,die plaas is nie goed genoeg nie, ek sal liever trek en 'n plaas soek wat beter is"?--Ja, dit is so; dit kom baje voor. Maar daar is dikwels ook andere redene hoekom trek hy weg.

As daar miskien twee of drie in 'n familie op 'n plaas dood gaan dan trek hy ook?--Ja, dan loop hy weg. Dit staan in verband met hul idee van toordery, en onder daardie omstandighede gee hul glad nie om nie watter kontrak hul gemaak het-- hul trek weg en kom nie terug nie. Hy sal by U kom en se hy is betoord.

MNR.LUCAS: U se ook daar is nie oor tollige natirelle nie op u plase maar 'n gedurig tekort van plaas arbeid?-- Ja, dit is so.

Is dit net gedurende sekere seisoene of is dit so die hele jaar deur?-- In my deel van die distrik daar het ons dit: die toestand is uniek wat die Vrystaat betref; daar is gemengde boerdery by ons; as jy klaar is met jou oes dan is dit weer tyd om te hooi, om die hooi in te haal; en dan is dit weer tyd vir die mielies en dan is dit weer tyd om te begin te ploeg: en as jy die mielies klaar geploeg het, dan is dit weer tyd om die hawer te sny en so gaan dit altyd deur aan. Die toestand verskil totaal met wat hul in die Westelike Provinsies van die Kaap doen. Daar het hul vaste ploeg tye en vaste oes tye. By ons is ons die hele jaar deur besig en ons werk 13 maande in die jaar. My ondervinding is ons het maar min of meer 'n gedurig tekort van plaas arbeiders. Daar is natuurlik mense wat genoeg arbeid het,maar die groot merendeel van ons moet maar altyd krap om mense te kry. Die groot gros, as hul nie arbeiders uit die reserves uit kry is maar altyd kort. By voorbeeld, ons groot bron van arbeiders is Basutoland. Uit Witzieshoek self kom maar baje min om vir die boere te werk op die plase; dit is Basutoland waar ons ons arbeiders virnamelik vandaan kry.

SENATOR VAN NIEKERK: Is dit omdat U daardie gemengde boerdery het dat U nie plaas het vir die naturelle nie?-- Ek is op die berg se kant en daar is die plase groot, en daar is groot weiding vir naturelle.

En het daaride plase genoeg volk?-- In die meeste gevalle ja; ek sal se omtrent die helfte, maar ek het daarom altyd min of meer volop volk.

Kan U nie meer volk kry nie om daar te woon of is

dit nie ekonomies?-- Wel die reël geld dat as 'n man woonkaffers het dan kan hy ook maklik huurkaffers kry. Maar as 'n boer nie woonkaffers het nie, dan kan hy ook nie huurkaffers kry nie, want hul sex "as dit 'n goeie baas was, dan sou hy baie woonkaffers op sy plaas het" em hul wil nie kom nie; hul is wantrouerig en bly weg. Dit is een van die oorsake hoekom moet 'n boer woonkaffers aanhou . Die een sal n nie sonder die ander kom nie.

Sou U nie genoeg woonkaffers kan kry sodat dit nie nodig sou wees om ook huurkaffers te kry?-- Nee, as ons meer kaffers kan kry om op die plaas te kom woon dan sal ons hul graag neem, maar dit is baie moeilik om die volk te kry om te kom bly.

VOORSITTER: Watter voorwaardes werk hul op?-- Die voorwaardes van 'n woonkaffer in daardie distrik is meer of min dieselfde as wat vroeger die geval was. Die hoof van die huisgesin kom en hy sal plus minus dertig beeste he en plus minus 150 stuk klein vee. Dit is die hoof van die huisgesin. Dan kry hy vry woonplek; natuurlik alles vry; hy plant vry; vry weiding vir die vee en plus minus drie morge grond oom te bewerk vir sy eie voordeel, en as hy dan twee hutte het dan kry hy plus minus ses morge grond om te bewerk vir die twee hutte.

Is dit dieselfde voorwaarde vir al die plase in u distrik?-- Ja, min of meer dieslefde voorwaardes. Dit hang natuurlik ook af hoeveel grond 'n boer besit.

Is daar die getalle wat U genoem het groot of klein; is dit die gemiddelde of is dit net die beste naturelle wat soveel vee het?--daar is natuurlikwat baie minder het; daar isxwat heelmaal arm naturelle is, net soos daar arme blanke

is, maar daar is ook baie wat meer het; ek denkdie gemiddelde is omtrent 20 groot vee en se van 75 tot 100 stuk kleinvee. Dit is meer of min die gemiddelde onder die mense wat in my distrik vir boere op die plase kom werk.

Kry daardie naturelle wat meer het maklik plekke om op te woon by boere?--Dit hang net af van watter arbeid hul bereid is om te verskaf. As hy met daardie vee op jou plaas wil woon en hy wil sy kinders en sy jong volk , hetsy seuns of dogters stuur om in die dorp te werk omdat die loon groter is, dan sal 'n boer nie vir hom plek gee nie op die plaas, want dit sal nie betaal nie, maar as hy gewillig is om sy kinders vir die boer te laat werk, dan sal die boer hom geredelik plek gee om te bewoon en te bewerk vir sy eie voordeel. As 'n naturel by 'n boer kom en se "ek wil plek kry " dan die eerste ding wat die boer vir hom vra is "hoeveel vee het jy"; hy sal se hoeveel het hy en dan sal die boer vir hom vra "hoeveel volk sal jy vir my gee om vir my te werk as ek vir jou plek gee om op my plaas te bly?" Hy moet die werkvolk verskaf vir die voorregte wat die boer vir hom gee.

Kry hy nie geld nie?--Nee, hy kry nie geld nie. Maar as hy kinders het wat werk, dan kry die kinders betaling in geld; dit is die algemene reel hier.

Hoeveel geld kry die kinders onder sulke omstandighede?-- Die kumfaan wat nog nie in die skool is hy kry omtrent 10/-; hyl kry dit totdat hul so omtrent 18 jaar oud is; as hul nog in die skool is kry hul minder, maar later kry hul omtrent 15/- in die maand en as hy nou nog groter is en as hy nou die mannelike ouderdom bereik het dan sal hy so omtrent £1 in die maand kry, plus natuurlik sy huisvesting en sy kos.

Hoeveel kos word gegee?-- Dit hang af....

Is daar 'n vaste rantsoen?-- In die reel eet hy net soveel as hy wil.

SENATOR VAN NIEKERK: En die gewoonte is dat hy sy kos by die huis kry?--Ja, dit is so.

Hy dra nie kos weg nie?-- Nee; hy bly by die huis; hy word gehuisves; dit is net die hoof van die huisgesin wat nie gehuisves word nie; of anders kry hy net kos by die huis as hy die dag kom werk en in die aand gaat hy kraal toe.

VOORSITTER: Hy kry nie kos nie om na die kraal te vat?-- Nee.

En die meidjies?-- Hul bly by die huis.

En kry hul loon?-- Die tarief vir die meidjies is min of meer 7/6 per maand.

Is dit vir jong meidjies?--Ja.

En as die vrou kom om te werk?-- Die vrou werk as die reel nie in die huis.

MNR. LUCAS: As daar nie 'n goeie oes is nie, dan kry die woonmense, die woonkaffers baie moeilikheid?--Ja, en dan kry die boere ook moeilikheid; sêegte oeste is sleg vir almal wat afhang van die boere bedryf. Dit is nie alleen die naturelle nie, dit is die boere ook.

Ja, dit weet ek, maar ons is nou besig om die toestand te ondersoek van die naturelle?--Ja; maar as daar slegte oes is dan kyk die kleurlinge net na die baas vir hul kos en hul kry dit. As die naturelle nie kos het nie, dan is dit die boer wat agter hul kyk en vir hul gee wat hul nodig het. Dit is die algemene gewoonte onder die boere.

SENATOR VAN NIEKERK: Die vee van die plaas loop natuurlik binne in u kampe?-- Ja,

En die melk van die vee, het die naturelle dit vry?-- Ja, dit het hul altyd.

Daar is geen belemmering?-- Nee.

En die mis van die vee, gebruik die naturelle dit?-- Ja; ja, hul gebruik dit dikwels, maar in die meeste gevalle gebruik hul dit nie.

Gebruik hul dit nie vir brandstof?-- Ja, maar op plase soos myne is daar genoeg hout.

U se daar is gevalle dat die naturelle na die dorpe trek omdat hul meen die opvoeding op die land is nie goed genoeg nie vir hul kinders?-- Ja, dit is so.

Is daar nie 'n kans nie om voorsiening te maak om hul opvoeding te verskaf op die plaas?-- Ek denk die opvoedings kwessie is een van die oorsake vir die toestroming na die dorpe toe omdat hul hul kinders beter opvoeding wil gee. Die ander rede is die beter lone wat hul in die stede kan kry; wat ons moet doen is om die mense op die plase aan te moedig om plaas skole te kry; die neiging in die vroeger dae was altyd gewees dat die boere teen plaas skole gewees was; maar dit is vandag nie meer so nie; die publieke opinie is in die laaste 18 maande aanmerkelik verander. Ek was nou die ander dag by Meneer Pellissier gewees op sy kantoor en hy het dit vir my vertel: 18 maande gelede het hy nooit 'n boer kan kry, hy het nooit 'n boer kan beweeg om 'n skool op sy plaas te stig, maar vandag is die posiesie totaal verander en vandag is daar so baie applikasies dat dit onmoontlik vir hom is om al die aanvrae te voldoen.

Die verandering het in die laaste paar jaar plaas gevind?--Ja, in die laaste 18 maande.

VOORSITTER: Waaraan is die verandering toe te skryf?-- Omdat die boere tot die besef is gekom dat die naturel in enig geval die onderwys wil he en hy het gesien

dat dit verkeerd sou wees vir die blanke man om die begeerte van die naturel te bestry; die naturel het erken dat die sterkte van die blanke man le in sy kennis; die naturel is onbeskaaf, maar hy is slim genoeg om dit te sien en hy het besluit hy sal sy ontwikkeling en opvoeding kry en hy gaat dit langs enige weg kry, en die boer het nou ingesien dat as hy nie skole het nie, dan sal die naturel wegloop na die dorp toe en daar skooltoe gaan; dit is darrom die enigste manier om die naturel op die land te hou deur hom skole te gee en geleentheid vir die onderwys van sy kinders. My ondervinding van die heel kwessie is dat die naturel wil opvoeding he en hy is bereid daarvir opofferings te maak; maar opvoeding sal hy kry;ek weet wat hy sal doen om opvoeding te kry; ek weet van gevalle waar hul 7 myl dorp toe moet stap en 7 myl terug om na die skole te kom; hul is daar definitief op uit, hul is beslis hul sal opvoeding kry, en om die stroom te probeer op te dam en te stuit sou 'n hopelose saak wees; en die boer het dit nou ook begin te besef en dit is hoekom het ons die verandering in die houding van die boer gekry.

MNR. LUCAS: U se die lang afwesigheid van die naturelle op die myne of in die stede het nadelige invloed op die huweliks lewe van naturelle en op landbou: kan U ons meer bisonderhede gee van die nadele?-- Ja; die naturel gaan weg na Kimberley of na Johannesburg; hy gaat weg vir 'n seker tyd, maar hy kom nie terug nie wanneer hy moet; hy het weggegaan met die bedoeling om vir ses of 12 maande weg te gaan om geld te verdien en om dan terug te kom; maar as hy eenmaal daar is dan bly hy somaar en dit sal miskien jare wees voordat hy terugkom. Hy bly miskien ses of sewe jaar lang weg, en as hy aan die einde van daardie jare terugkom dan is hy

tamelik ontstam en en in baje gevalle is sy familie lewe heelmaal uit die verbad geruk; hy kry miskien nie meer sy selfde vrou terug nie-- hy kry nie meer dieslefde vrou terug nie wat hy gehad het toe hy weggegaan het en allerhande ander moeilikhede kom in sy pad by sy ou kraal.

En wat is die slegte invloed op sy landbou werk?-- Hy is soveel jare weggewees op die myne dat as hy terug kom weet hy nie meer wat te maak met sy landbou; hy wil die werk op die lande nie meer doen nie; soos dit nou is in die naturelle gebiede is dit 'n groot uitsondering om 'n opgegroeide kaffer agter die ploeg of op die lande te sien werk; daar die soort ploegery wat hul daar maak word deur die piccanins gedoen en nie deur die grote seuns nie. In vroeger dae het die meide die lande geskoffel, maar hul doen dit nou ook nie meer nie en dit is net die klein kaffertjies aanwie daar die soort van werk toevertrou word; mens kan nie wonder nie dat die ploegery so treurig is.

VOORSITTER: Was die volwasse kaffer ooit 'n landbouer gewees?--Ja, in vroeger jare was hy 'n landbouer gewees, maar nou nie meer nie. In my kinds-dae kan ek onthou dat die naturel mooi op die lande gewerk het; hul het die lande mooi gepik voordat hul by die ploeg gekom het, maar nou sal U nooit meer 'n man sien nie wat ooit 'n pik in sy hande sal vat. Dit is benede hul waardigheid.

DR. FOURIE: Is dit nou meer spesiaal iets by die Basuto?-- Nee, dit was by almal. Zulus het ook by ons gewoon; maar niu geld dit vir alle rasse.

Hul pik nie meer nie?--Nee, hul pik nie meer nie en die meide doen dit ook nie meer nie, tenminste as hul dit nog doen dan is dit met groot teensin.; daar is nie meer die inisiatief nie om die soort van werk te doen: daar is nie meer die lus om die lande te skoffel wat daar vroeger was en 'n ander groot ding is--daar is nie meer die discipline nie.

MNR. LUCAS: Moet die woonkaffer die hele jaar deur werk of is dit moontlik vir hom om verlof te kry om ses maande weg te gaan om ergens anders te gaan werk om geld te verdien?-- Die meeste boere gee vir die woonkaffers verlof om weg te gaan om geld te verdien; gestel dat 'n boer 6 of 8 kaffers het; hy sal dan nou twee van hul verlof gee om weg te gaan en as daardie twee terug kom dan kry 'n ander twee verlof en so gaat hul aan; hul sal twee of drie maande verlof kry om weg te gaan en geld te verdien en dan kom hul terug en dan kry twee ander kaffers verlof.

Maar is dit genoeg vir hul om iets te verdien?-- As hul na die Witwatersrand gaan dan kan hul in drie maande £15 verdien?--.

Nee, glad nie...?--Ja, in normale tye kan hul,

SENATOR VAN NIEKERK: As hy op die myne is dan kan hy baie verdien sonder groot uitgawe te he?-- Hy kan daar £5 in die maand verdien.

VOORSITTER: Moet die woonkaffer die hele jaar deur werk behalwe die verlof tyd?--?--By my werk hy 5 dae in die week.

Die hele jaar deur?-- Behalwe die verlof tyd en die ander 9 maande werk hy 5 dae in die week--- dit is te se , ek het aanspraak op sy dienste vir vyf dae in die week, maar dit beteken nie dat hy al die tyd werk; hy is die hoof van die huisgesin en miskien het hy elke week 'n ekstra dag af.

U het reg op 5 dae in die week waarvir hy nie betaal word nie?-- Ja, dit is so.

SENATOR VAN NIEKERK: Is die kondisies van die boere baie verskillend?--Ek denk daar is 'n bietjie verskil in die

kondisies van die een en die ander: die ene boer het een soort van voorwaardes en 'n ander boer het 'n ander soort van voorwaardes. Maar in die algemeen kom hul tamelik ooreen; daar is boere in die oostelike Vrystaat wat seker kondisies het en in die Westelike Vrystaat het hul heelmaal ander kondisies. Hier in Bloemfontein sal U boere kry wat hul volk meer met "gasie" betaal. Toestande hier is heelmaal anders; die naturelle kry loon en kry kos maar hul is nie woonkaffers nie; die boere hier is nie landbouers soos by ons. Op die plase kompeteer die naturelle met die boer, want die naturelle is ook boere en as die boere 'n baje slegte oes maak, dan maak die naturelle dit ook.

Maak die naturelle gebruik van die fasiliteite wat die boere vir hul gee om hul produkte op die markte te kry?--Ja. ons het die maandelikse stock fairs, en wat my volk betref, ek help hul 'n bietjie en ek laat hul toe om hul produkte en hul goed te verkoop op my naam en ek betaal hul uit. Dan is daar ook ander gevalle waar ek die produkte ,soos die wol van die naturelle na die kus gestuur het om dit vir hul daar te laat verkoop; die naturelle in ons distrik skeer baje wol.

Die naturelle het geredelike markte?--Net dieselfde as wat ons het.

Die naturelle hier is nie in die hande van die handelaars nie?--Nee.

Wat is die gesondheid van die naturelle op die platteland?--Ek denk die gesondheid van die naturelle op die plase is biesonder goed; in die reserve is dit minder goed; daar is dit baje swak. Maar ek meen die gemiddelde sterfte syfer onder die naturelle op die plase is heelmaal normaal, selfs wat betref die kinders.

Die naturelle op die plase wat nou boere is, hul het

seker volop melk vir die kinders?-- Ja.

Toon hul ook 'n neiging om tuine te maak: kry hul groente by hul kos?-- Nee, net pampoene en boontjies.

In die somer het hul tenminste groente?-- Ja.

Kook hul die groente ook as maroch?--Ja, en hul hou die pampoene sodat hul dit in die winter het.

VOORSITTER: En nie maroch nie?--Nee, dit is alleen in die somer dat hul dit he.

SENATOR VAN NIEKERK: Ek wil weer terug kom op die kwessie van die opvoeding van die naturelle. 'n naturel wat op die plaas kom, wat 20 beeste het en 100 skape, hy is nie geneig nie om van die plaas weg te trek na die dorp toe?-- Nee, daardie naturel is nie.

Waar kom die opvoedings kwessie dan in. Is sy kinders geneig om weg te trek en die plaas te verlaat?--Somtyds sal hy sy kinders laat wegloop na die lokasie toe. En dit is waar hy sy eie moeilikheid skep: die boer se vir hom "waar is jou kinders" en hy se "hul is weg"; Die boer se "ja, jou kinders is nou weg en jy het vee op my plaas, maar jy moet nou ander voorsiening maak". Dit is waar skep hy sy eie moeilikhede; mens kan die houding van die boer goed verstaan onder daar die omstandighede: die kinders is nie meer daar om te werk en tog sit die naturel met al die vee.

Hy skep moeilikhede vir homself en ook vir die boer?-- Ja, en daar die moeilikheid kan alleen oorkom word deur die naturel om skool op die plaas te kry: maar nou kom hy en hy se hy het opvoeding vir sy kinders in seker stede; as hy opvoeding sou kan kry vir sy kinders en vir die kinders op ander plase deur 'n skool op seker sentrums naby die plase te kry, dan sou dit die moeilikheid baie oplos.

Hoe groot is die plase in u distrik in die algemeen?-- Daar is min of meer 'n skeiding op Kestell by die berg; op die

vlakte is die plase klein, maar by ons is hul van 400 tot 1,000 morge groot.

As U daar 'n skool sou oprig, sou daar genoeg kinders wees?-- Ja, daar is genoeg. Hul teel baie vinniger aan as was ons witmense doen.

DR. FOURIE: Het U 'n skool op u plaas?--Nee.

SENATOR VAN NIEKERK: Het U al ooit uitgewerk of dit U ekonomies betaal om woonkaffers op u plaas te he; as U huur kaffers sou kry sou dit dan nie beter wees?-- Ek het dit 5 jaar gelede uitgewerk en ek het dit voor die Kommissie van Meneer Lucas gesê; ek het uitgereken dat die hoof van 'n hisgesin kos vir U van £3 tot £3,5 in die maand met al die voorregte wat hy geniet. Wat betref die kwessie of mens liever huurvolk sou he of liever woonvolk, ek se ek sou tien maal liever huurvolk hou al moet ek hul ook £2 in die maand betaal, maar as ek huurkaffers moet neem, dan moet ek die versekering kry dat as die tyd van die ene lot om is, dan moet die mense wat hul sal vervang daar wees. Maar in my distrik is dit absoluut nodig om die woonkaffer aan te hou--hy is "a necessary evil"; jy moet hom aanhou anders kry jy die huurkaffer ook nie. As 'n boer afhankelik is van sy volk dan sal hy vind dat o op die morre wanneer hy hul mees nodig het, dan is hul weg en jy kan maar met jou hande in jou hare sit. Wat betref die verantwoordelikheid van die jong op die plaas: sommige mense wil graag volk het wat nie vee het nie, maar dit is nie altyd juis die beste ding om sulke volk te kry wat niks het nie. My ondervinding op die punt het baie vir my geleer: ek het geleer dat die naturel wat vee het meestal iets presteer, en die naturel wat niks het nie, hy presteer ook self niks. Die naturel wat iets het, hy

het belang gestel in sake; hy het gewerk en hy het iets vir homself opgespaar; daardie naturel het gevolglik iets vir homself gekry en hy is 'n man wat 'n gevoel van verantwoordelikheid besit; die feit dat hy op 'n boer se plaas woon en dat hy sy eie vee het beteken hy is nie as 'n voël op 'n tak nie wat die eneoomblik hier is en die volgende oomblik daar; hy is 'n man wat bly. Dit is die voordeel wat hy vir die boer hêt oor die man wat kom sonder enig ding te besit. Oor die algemeen presteer hy ook niks.

Sou U die posiesie van die naturel wat nou by U woon kan vergelyk ,et die posiesie van die naturel hier in die lokasie?-- Meen U wat betref die ekonomiese voordeel van die twee-- wie van hul is beter af?

Ja?--Die naturel is nie 'n finansier nie. As hy 3/6 per dag verdien, dan meen dit meer as £1 in die week. Hy kyk net na die £1 in die week inkomste, hy kyk nie na die 18/6 uitgawe wat hy moet maak. My opinie is dat die naturel op die plaas met al die voorregte wat hy kry is beter af as die naturel in die stadslokasies, maar die naturel kan dit self nie sien nie. Daar is wel naturelle wat dit besef en daar is van hul by my gekom en hul het vir my gese "dit sal my kind beter betaal om ses maande te werk vir die baas hier vir 'n koei as om na die dorp te gaan en £2.10.0 in die maand te verdien; want as hy in die stad werk vir £2.10.0 dan kom hy na ses maande tog nie terug nie met £15, maar net met 5/6 in sy sak; en dan het hy niks nie"; dit is die opinie van 'n ou naturel wat dit vir my gese het; hul si en in en se in die dorpe gee die volk die geld uit vir mooi klere en vir amusements; hul werk op die dorpe vir baje geld, maar hul bring niks terug nie.

Ek is van opinie dit is nie tot hul ekonomiese voordeel nie en viral vir die jonge volk is dit baje sleg om op die dorpe te werk en alles wat hul verdien uit te gee en dan niks na die ou vader terug te bring nie.

Is daar vordering te bespeur onder die naturelle op die platteland wat betref die manier waarop hul woon; bou hul beter huise en het hul meubels?--Daar is nie verdering nie wat betref meubels, maar wel wat betref beter huise. Ek het opgemerk in die Witzieshoek daar is beter soorte van huise; beter deure en vensters en in die algemeen meen ek hul is vandag sindeliker as wat hul vroeger was. Ek skryf dit toe aan die invloed van die blanke. Hul sien die blanke persoon was en het 'n groot voorliefde vir sindelikheid en hul volg die goeie voorbeeld.

Mr. LUCAS. Did you say it cost a farmer from £2.10.0 to £3.0.0. per month to have natives living on his farm?-- I said it cost a farmer £2.10.0 to £3 per month for every man he had living on his farm.

Have any farmers to your knowledge tried to get labourers at say £2.10.0 to £3 per month without such privileges as the ones you referred to?-- I could not say.

Would you not think that it would pay a farmer who honestly believes it costs him £2.10.0 per month to get some natives at £2.10.0 I do not quite follow your point.

Have any farmers to your knowledge tried, when they have been are short of native labour, to get hired labour for £2.10.0 per month without privileges?-- You see the position is this; you can get a native for £2.10.0 per month, but you are not getting his family, so if you get a native only it does not help you a great deal if you do not get his family; that is an important point.

Yes, I follow that ; but then you pay each member of the family, do not you?--Yes, but they have all joined togehher; that makes all the difference.

One point that has been put to us as a reason for the natives going into the towns is that they handle so very little money when they are working on the farms; they have certain liabilities which require the paying of hard cash, but they get practically no cash on the farms; they need money for the payment of their taxes and so on; and the money they get is either inadequate or practically inadequate for what they need, and it is the cash which appeals to them in the towns?-- Yes, that is so; there is a great deal in that argument,though of course they are not better off in the towns than in the rural areas.

Is there any prospect of the farmers being led to see that reason and being induced to substitute cash for some of these privileges whic you have mentioned as being given to the natives to-day?-- What is the native going to do with his stock then?

I understood you to say that not all natives have stock and there are already a number of natives in the towns who might be available if the farm wages were made sufficiently attractive?-- If those labourers want to go on to the farms, then if they have no stock, they will be paid higher wages than those who do have stock.

Is that so to-day?--Yes.

I understand that the native who does not have stock does not get any higher pay than the native who does have stock; he gets the same privileges as the native with stock, but the farmer is the one who is better off as a result?-- No, that is not so. If a native comes on to

your farm and he has stock, he is given certain privileges; if he comes without any stock he is treated differently. Say a native comes with 20 head of stock, you have to supply the grazing; he may have 150 head of small stock as well; you cannot treat the native who has nothing in the same way as you treat that man who has a lot of stock to be provided for. It would be absolutely absurd and it is not done.

Do not you treat them on the same footing?--No, we do not; they are treated differently.

Have you got any natives without stock on your farm?-- I have natives on my farm at present with stock, but I have had natives on my farm without any stock at all and I always make a difference between those who do not graze their stock and thosr who do ; I pay those who have no stock that require grazing facilities more.

What do you pay those without stock?-- If a native has no stock, it means that I have to plough his land with my machinery and with my stock. There is some advantage in that, and apart from that, if he is the head of the family, I pay him 15/- per month, apart from the privilege of the land which I give him and the ploughing of his land with my oxen and my machinery.

DR. ROBERTS: And do you give him seed as well,?-- In some cases I do.

But generally, what do you do?-- They generally borrow the seed from me and give it back afterwards.

Daar is nog 'n punt waaroor ek iets wil se-- daar is nog drie punte, as U vir my sal toelaat . Die ene is die kwessie van die kontrak stelsel met betrekking tot die "native labour tenant". Ek denk dit sal in die belang wees

van die naturel en ook van die boer as daar op een of ander wyse 'n kontrak stelsel kan ingevoer word. Die naturel sal daardeur profiteer en die baas ook. Dit is nou al in baie gevalle dat boere prefereer om kontrakte te he

met die naturelle en die naturel wil dit ook he. Maar omdat daar nie wetgeving is nie, sal die naturel nie na 'n boer gaan waar hy moet kontrak teken, omdat hy by 'n ander boer kan kom sonder kontrak te teken. Dit sou in die belang van die naturel sowel as van die baas wees as daar wetgeving sou kan wees om dit verpligtend te maak om behoorlike kontrakte te he.

Dan is daar ook die kwessie van bier; Die bier drinkery van die ou nasie is so oud, ons kan maar se, as die mensheid. Daar is mense wat in ons tyd wil probeer om die naturelle totaal te belet om bier te drink. Dit is totaal onmoontlik; jy kan dit net so min belet as jy die groot riviere kan ~~opdam~~ stuit. Die naturel sal altyd bier drink. Ek denk die beste manier om daarmee te handel is om dit te kontroleer op 'n behoorlike wyse. Elke nasie het sy eie geliefkoosde drink en waarom sou ons nou gaan en dit van die naturel wegneem? Maar ek se , as ons boere saamwerk, dan kan ons baie doen om die onnodige drinkery te stop. En dit is die manier waarop ons daardie kwessie moet aanpak; ons moe nie probeer nie om die naturel totaal te stop--ons moet dit op behoorlike manier kontroleer. En wat die bier self betref is ek van oordeel dat dit 'n onskadelike drink is vir die naturel. Die naturel se lewens wyse is nie soos die van die witman nie; ons eet allerlei dinge: groente en die een neutraliseer die ander. Die naturel leef op pap

en miskien sal hy eenmaal in die 15 dae vleis kry. Ek is van oordeel dit is vir die naturel absoluut noodsaaklik om bier te kry; by sekere periodes is dit noodsaaklik vir die sisteem van 'n persoon. Dat hy dit op buitegewone wyse gebruik weet ek. Ek het in Natal gesien wat hul maak, en mense het vir my vertel wat die posiesie was voordat die gekontroleerde bier huise daar was, en dit luk vir my ons moet so iets hier in die Vrystaat ook kry. Die posiesie in ons lokasies is nie bevredigend nie wat betref die bier kwessie. Ons het "domestic brewing", maar as die overheid dit in sy eie hande sou neem, en hul die bier sou gee onder kontrole, dan sou dit baie beter wees.

Wat betref opvoeding van naturelle, wil ek net weer se die publieke opinie het in daardie opsig baie verander. Ek is van oordeel dat opvoeding van naturelle een van die beste maniere is om agitasies onder hul in die toekoms te neutraliseer. Naturelle , half opgevoede naturelle kom in en vertel vir die mense hier allerlei gif. Allerhande agitasies word op die tou geset; dit is tengevolge van die onkunde van die naturelle dat die agitators in staat is om hul gif te sprei en ek meen dat as daar meer opvoeding onder die groot massas van die naturelle was, dan sou die agitators nie in staat wees nie om met hul opstokery aan te gaan. Tengevolge van die onkunde van die mense wat na hul luister kan hul die gif versprei.

Dit is die punte waaroor ek nog iets het wil se, maar anders as dan ek is bly dat ek die geleentheid gehad het om hier voor die Kommissie te verskyn.

DIE KOMMISSIE HET OM 5.25 n.m. verdaag en het later na Kimberley vertrek.

Blz. 5265 volg.